NG MOEDERGEMEENTE MOSSELBAAI

BEDIENINGS – 'N KANAAL VIR DIENS IN 2016

"As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien"
(1 Pet 4:10)

Die lys hieronder is van die maniere hoe God jou saam met die gemeente roep om, *soos Jesus, familie en vriend vir almal te wees*. Kyk biddend na jou *SHAPE (Spiritual gifts, Hearts desire, Abilities, Passion, Experience)* en skakel gerus een van die bedieningsleiers van die kern-bedienings hieronder om aan te meld vir diens...

- **ROEPING** (Schalk Marais: 082-389 7785)

Dis luister na God, ons kerk en gemeenskap om te hoor waarvoor God ons roep en doelwitte en planne maak. Dis ook om te dink oor "geloof wat leef"!

- **GEBED**

Die bediening koördineer gebede in die gemeente d.m.v. gebedsnetwerk, 24 uur gebedslyn, en inligting.

- **EREDIENS** (Carel Kuun: 084-561 5930)

Eredienste word kwartaalliks beplan en koördineer bedieninge soos musiek, sang, multimedia en dekor.

- **DIAKONIE**

Diakens tree by die eredienste op om nagmaal te bedien, te kollekteer en te help met verwelkoming ens.

- **FAMILIE**

Die bediening koördineer die kleuterkerk, borrelklub, kategese, jeugkampe, manne- en vroue-groepe ens.

- **KLEINGROEPE** (Cor Muller: 082-443 8204)

Kleingroepe is die omvattende naam vir alle soorte groepe bv bybelstudies, selgroepe, belangegroepe ens.

- **OMGEE** (Lorinda Maritz: 083-440 5933)

Hier word siekes besoek, ondersteuning gebied, bedien by troosdienste dmv die Deernis-groep, geskakel met ouethuise en mense in nood gehelp dmv 'n Noodfonds.

- **SENIORS** (Hannes Siebrits: 072-358 9202)

Drie bene nl. geestelik (bybelstudie), sorg (Caritas – besoeke aan verswaktes) en sosiaal (Aftree-opskop) is kanale waarop seniors bedien word.

- **SENDING**

Vyf sendelinge word ondersteun dmv die geloofsoffer-belofte. Daar word uitreike gedoen in SA en i.d. wêreld, opleiding in Kwanonqaba aangebied, die Taxi-bediening en Bybelverspreiding ondersteun en die haweloses dmv die Seewind bedien.

- **AKSIE SAMARITAAN** (Mandy Black: 082-451 3543)

Die gemeente het 'n fonds waaruit tans byna 30 gesinne twee-weekliks van kos voorsien word. Die gesinne word evalueer en ondersteun op verskei maniere.

- **FINANSIES** (Cobus Coetzee: 082-453 3305)

Die bestuur van fondse t.w.v. die Koninkryk en daarom ook besin ook prioriteite.

- **EIENDOMME** (Lodewyk Coetzee: 082-939 0443)

Die afgelope paar jaar is die Gemeentehuis vernuwe, die Klipkerk gerestoureer, pastorieë onderhou ens. Daar is steeds baie kapitale en onderhoud behoeftes.

- **DIENSVERHOUDINGE** (Johann Swartz 083-680 2907)

Al die aspekte van die personeel in diens van die kerk moet as God se gawe aan die gemeente begelei word.

- **NUWE LIDMATE** (Freda Kooij: 082-449 2777)

Nuwe lidmate en besoekers word by die kerkdeure verwelkom, opgevolg met 'n besoek en opgevolg met die oog op inskakeling by die gemeente.

- **GASVRYHEID** (Jean Strauss: 083-288 2377)

Die koffie en tee bediening na elke erediens by die Gemeente-huis word gekoördineer en by funksies (bv gemeente-etes, belydenis aflegging ens) word bedien.

- **KOMMUNIKASIE** (Anna-Mari Krüger: 083-655 1171)

Kommunikasie d.m.v. die Familienuus, Familiekontak (kwartaal-blad), die webtuiste ens. word gekoördineer.

Die gemeente is die platvorm of vliegveld waarvandaan lidmate enige bediening, in lyn met die roeping, kan ontwikkel.

Soek biddend na God se ruimte vir jou diens aan Hom en neem self die verantwoordelikheid om aan te meld.

God stuur ons om, soos Jesus, familie en vriend van almal te wees.